

1 Johannes 4:6

'Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling'

Redaksioneel

WIE HET DIE SEE BEVEEL?

Kommunikasie- en inligtingstechnologie het ons in staat gestel om rondom die aarde kennis te neem van die geweldige tsoenami in die Indiese Oseaan op 26 Desember 2004. Reeds binne enkele minute en in die daaropvolgende ure kon ons die uitwerking van die vloedgolwe wat die kusgebiede getref het, waarneem.

Soos wat dit met enige skokkende gebeurtenis gaan, is die mensheid met verslaenheid getref, terwyl lydende oorlewendes verbete veg om behoud. Daarna het almal in beweging gekom om te help en op te ruim. Diegene wat die ramp oorleef het, is skokkend dankbaar. Baie van hulle is naasbestaandes van die meer as 150 000 wat gesterf het. Die nasorg van die miljoene oorlewende slagoffers verg gekoördineerde en vinnige spesialisiteitshulp.

Dan kom die wysgere aan die woord. Hulle bied allerlei sielkundige en godsdienstige verklarings oor die hoekoms en waaroms van sulke katastrofes wat buite die menslike beheer lê. Daarmee probeer almal sin en betekenis aandui en wysgerige antwoorde bied op die vraagstuk wat so oud soos die mensheid self is: die sin van lyding, die betekenis van rampe. So word bedoel om te troos,

te motiveer om aan te gaan, om van voor af te begin.

Godsdienstige leiers gryp na die biblioteke van literatuur wat reeds deur die geskiedenis oor hierdie onderwerp geskryf is. In elke godsdiens van die wêreld is daar een of meer verklarings vir hierdie verskynsel.

Besonder aktueel vir ons, is die antwoord wat bekende teoloë die afgelope weke in die openbare pers gegee het. Rampe soos hierdie kan nie en mag nie na God herlei word nie, sê hulle. Dit is onmoontlik om God en ramp aan mekaar te verbind. Dit kan vir hulle nie waar wees dat 'n God van liefde verantwoordelik kan wees vir so 'n verwoesting nie. As Hy enigsins bestaan, word dit betwyfel of Hy in beheer is van die gebeure in die heelal. God is vir hulle alleen maar 'n versinsel van die mens om sy eie wense en aspirasies te projekteer en sy onverklaarbare belewenisse aanvaarbaar te maak.

Sulke antwoorde is niks nuuts nie. Die verskynsel van ateïsme het soos 'n geestelike tsoenami eeue tevore reeds regoor 'n eers christelike Europa gekom en sy tienduisende verslaan. Veral sedert die opkoms van die Renaissance, die gevolglike wetenskapsomwenteling en die

ontwerp van die liberaal-kritiese teologie, het die anti-God filosofie hand oor hand toegeneem. Die gesag van die Bybel as die betroubare openbaring van God het in die slag gebly. Die Skrifopenbaring word beskou as iets wat tot die antieke wêreld behoort, toe die mense nog in 'n drie-vlakke wêreldbeeld vasgevang was. Alles wat hulle nie kon verklaar nie, is aan geeste, gode en bose magte toegeskryf. Dit is in mites en legendes verwoord. Sedertdien is die Bybel vir die kritiese teoloë 'n ou irrelevante boek in 'n nuwe wêreld. Vandag moet die verskynsels eerder natuurwetenskaplik as teologies verklaar word.

Die antwoorde in die openbare pers herinner ons aan die woorde van Psalm 14:1 'Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie'. Dit herinner ons ook aan die troosryke vermaning van Hebreërs 11:6 'En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek'.

Met hierdie onomkeerbare vaste en betroubare vertrekpunt mag ons as gelowiges nadink oor sulke katastrofiese gebeurtenisse. Ons mag nie probeer om God daar uit te werk nie - nie wanneer dit sulke oseaaniese

INHOUD

1 Redaksioneel
Wie het die see beveel?

2 Skrifoorndenking
Skeur julle hart
Ds DP Prinsloo

4 **In memoriam - JM Boon**
Ds GJ Meijer

5 Medies
Psigiatrie en geneeskunde
Prof JM Boon

6 Op die boekrak
The purpose Driven Life
Dr AH Bogaards

10 Persskou
- Die slaankrag van die vloedgolf
- Die suigkrag van die vloedgolf
Ds GJ Meijer

afmetings aanneem nie, maar ook nie wanneer dit ons persoonlike lewens as sulks raak nie.

Ons lees in die Bybel van die man Job. Sy historiese bestaan word met allerlei gegewens aan die begin en die einde van die boek aangedui. Deur die kritiese teoloë word hy egter as 'n legende beskou. Nietemin, die res van die Bybel aanvaar dat Job, net soos die profete van die Ou Testament, werklik geleef het en dat dit wat met hom of hulle gebeur het daarom vir ons werklik troos moet bied (Jakobus 5:11). Wanneer Job in sy worstelgesprekke nie kan deurdring tot die sin en betekenis van die rampe wat oor hom gekom het nie, tree die HERE eindelijk met hom in gesprek. Ons lees onder andere die volgende betekenisryke woorde van die HERE: 'En wie het die see met deure afgesluit toe dit uitgebreek, uit die moederskoot voortgekome het? Toe Ek

die wolk tot sy kleding gemaak het en die donkerheid tot sy windseel. Toe Ek my grens daarvoor uitgebreek en grendel en deure gemaak het; en gesê het: Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie; en hier word 'n grens gestel vir jou trotse golwe. Het jy, solank as jy lewe, die môre ontbied, die dageraad sy plek aangewys, om die some van die aarde aan te gryp, sodat die goddelose daarvan afgeskud word? Dit neem nuwe vorme aan soos die klei onder 'n seël; en die dinge kry gestalte soos 'n kleed. En aan die goddelose word hulle lig ontnem, en die hoë arm word verbreek. Het jy gekom tot by die bronne van die see? En het jy rondgewandel in die binneste diepte van die wêreldvloed?' (Job 38:8-16)

Ons mag nie oor hierdie dinge praat asof God self nie baie goed weet wat daar aangaan en dit volmaak bestuur en beheer nie. Ons mag nie maak asof hierdie dinge nie eksplisiet

geprofeteer en aangewys is as die voetstap van ons komende Here Jesus nie (Matteus 24). Hierdie dinge moet vir ons wat dit aanskou, 'n duur les wees. Die Here Jesus het hierdie les self vir ons geleer, soos dit in Lukas 13:1-5 opgeteken is: 'En in dieselfde tyd was daar mense teenwoordig wat Hom berig gebring het van die Galiléërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dink julle dat hierdie Galiléërs groter sondaars was as al die Galiléërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het - dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.'

HLJM

Skrifoordenking

Ds DP Prinsloo, Outjo, Otjiwarongo,
Biermanskool - kombinasie

Skeur julle hart

Lees: Joël 2:1-17

Hoofstuk 1 van Joël se profesie beskryf 'n verwoestende ramp wat in die geskiedenis van die kerk plaasgevind het. 'n Sprinkaanplaag het die land verwoes. Nie net die fisieke voortbestaan van die mense nie, maar ook hulle verhouding met God was geraak, want blydschap en gejuig het uit die huis van die Here verdwyn (Joël 1:15-16). Hierdie ramp word in Joël 2 geteken as 'n voorloper van die dag van die Here. Die ramp moes die wêreld waarsku dat die dag van die Here op pad is. Daarmee skuif die fokus weg vanaf die sprinkaanplaag na die toekoms en die dag van die Here. Hierdie dag is naby en dit gaan, anders as wat die volk verwag, nie 'n dag van heil wees nie, maar van onheil.

Die dag van die Here

Hierdie term word dwarsdeur die Bybel gebruik. In die Ou Testament is geglo dat hierdie dag die dag is waarop die Here kom om te oordeel en om te red. Joël beskryf hierdie dag in hoofstuk 2 vers 11: 'Want die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?' Hy beskryf dan die dag waar God oor al die nasies uitspraak sal lewer. Die son en die maan word verduister en die sterre trek hulle glans in (Joël 3:12,15). Die Here sal vir sy volk egter 'n toevlug wees (Joël 3:16). Op grond van hierdie belofte het almal na hierdie dag verlang – hulle het daarin die oorwinning van al die ander volke gesien.

Amos roep later vir hierdie oppervlakkiges uit en sê: 'Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir

julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie' (Amos 5:18). Alleen vir ware gelowiges sal hierdie 'n dag van vreugde wees. Nuwe Testamentiese gelowiges weet dat hierdie dag wys op Jesus Christus se terugkeer na die aarde om te oordeel. Daar word gepraat van 'die dag van Jesus Christus' (Filippense 1:6-10). Die Nuwe Testament beskryf gedurigdeur 'n verlange na hierdie dag.

Voorafgegaan deur rampe

Die dag van die Here word deur rampe voorafgegaan. Matteus 16:3 noem dit 'die tekens van die tye'. Dit word ook in Openbaring 6 beskryf met die gesig van die vier ruiters wat uittrek. Die drie perderuiters naamlik oorlog, honger en dood, is die uitbeelding van die werklikheid wat op aarde beleef word. Hierdie dinge gebeur nie eers van die Nuwe

Testament af nie en is ook nie oorloë wat eers met die wederkoms gaan plaasvind nie. Dit is tekens van die tye - tekens wat alle gelowiges dwarsdeur die kerkgeskiedenis moet oproep tot besinning. Al die tekens word deur God gestuur sodat ons moet besef dat Hy kom.

Die dag van die Here kom nader. Keer op keer word vir ons gewys: Hy kom. Soos 'n horlosie wat aftik moet ons sy oproep hoor. Straf en rampe is sake wat nie groothede op hulle eie is nie, maar aspekte van God se handelinge met sy skepping en met mense. God is nie 'n afwesige God nie. Hy is werksaam in die geskiedenis, want dit is sy skepping, sy gelowiges en sy land. Hy is by sy mense se welsyn betrokke. Lyding en voorspoed vind op sy inisiatief plaas. Hy bewerk noodsituasies en Hy bring weer uitkoms uit die nood. Die dag van die Here is die dag waarop mense voor God as Regter verantwoording moet doen vir hulle dade, die dag waarop Hy straf sal uitdeel, maar ook die dag waarop Hy in ontferming verlossing kan skenk.

'n Hedendaagse ramp

Die mens se verhouding met God word geraak wanneer kerke afdwaal van die Woord van God - blydskap en gejuig het uit die huis van die Here verdwyn. Deesdae verval mense al hoe meer in goddeloosheid, hoogmoed, liefdeloosheid, okkultisme en ongehoorsaamheid. Aborsie, immoraliteit, egbreuk, homoseksualiteit, dwelmmisbruik, leuens, hebsug en diefstal is aan die orde van die dag (Eksodus 20:2-17; Romeine 1:18-31; I Korintiërs 6:9; Galasiërs 5:19-21). Natuurlik was hierdie sondes altyd daar, maar baie daarvan word tans openlik geduld en op 'n voetstuk geplaas. Hulle doen nie net self hierdie dinge nie, maar vind dit ook goed as ander dit doen (Romeine 1:32). In baie lande is vorige wetgewing teen godslastering, pornografie, aborsie, genadedood, homoseksualiteit en dwelmmisbruik verslap of herroep. 'n Samelewing wat gedrag duld en selfs openlik aanmoedig wat deur die Bybel as 'sonde' en 'n 'gruwel' in die oë van die Here beskryf word, grawe sy eie graf. 'Geregtigheid verhoog 'n volk,

maar die sonde is 'n skandvlek vir die nasies' (Spreuke 14:34).

In hierdie omstandighede moet die kerk plaaslik en wêreldwyd teen die gees van die tyd weerstand bied, getrou aan die roeping om 'lig' en 'sout' te wees (Matteus 5:13-16; Romeine 12:2; Efesiërs 5:11). As die kerk sy roeping verwaarloos, staan hy onder die oordeel wat God oor ontroue wagers uitspreek: 'As Ek aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe - en jy waarsku hom nie en spreek nie om die goddelose vir sy goddelose weg te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis' (Esegjël 3:18).

Individuele gelowiges en groepe binne-in die kerk bied dapper weerstand teen heersende tendense, maar oor die algemeen verwaarloos die kerk toenemend die roeping om die Evangelie te verkondig en God se instellings te verdedig. Die kerk wat - ten koste van Koning Jesus Christus se opdragte - toegee aan hedendaagse tendense en ideologieë, verloor sy rigting. 'n Kerk wat sy sin vir rigting verloor het, kan lidmate nie meer op koers plaas nie. Die verlies aan rigting is die direkte gevolg van miskennings van die grondslag waarop alle ware geloof en kennis berus: die Bybel. Selfs wanneer die Bybel nog uiterlik in die kerk gebruik word, word dit baie keer onderwerp aan eiegeregtige, selfverheffende argumente en kritiek wat God se openbaring weerspreek.

O Here, as U Woord ongeldig is, waarop sal ons geloof berus? Vir ons gaan dit nie oor 'n duisend wêreld en groot getalle nie, maar oor U Woord. Aangesien die kerk volgens die reformatoriese beskouing die 'vrug van die skeppende krag van die Woord van God' is, hou 'n kerk wat God se Woord prysgee op om kerk te wees. Wanneer die Woord van God prysgegee word, behoort 'n mens nie verwonderd te wees oor die gevolge nie. Wanneer ons die Woord van God prysgee, lei dit tot die prysgee van die inhoud van die Woord. Dit impliseer die disintegrasie van Skriftuurlike leer en 'n Skrifgetroue lewenswyse.

Hartsverandering

Die basuin het die dubbele funksie gehad om mense te waarsku teen oorlogsgevaar én om hulle vir feesgeleenthede na die tempel op te roep. Die tempel en die Sionsberg, wat die simbool van die Here se nabyheid is, word nou die plek vanwaar daar 'n waarskuwing kom - nie teen 'n vyand nie, maar teen die bedreiging wat die Here se dag inhou. Deur te sê dat hierdie dag 'n dag van donkerte sal wees, word die bedreiging onderstreep. Die oorsaak van hierdie bedreiging is 'n leër van groot omvang wat in aantog is. 'Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby' (Joël 2:1).

Ná die rampe en oordeel van die eerste elf verse, kom hier 'n wending met God se oproep tot bekering. Die Here vra 'n hartsverandering van die mense. Hy vra opregte berou. Opregte berou behels meer as net die uiterlike tekens van berou soos om te vas en om jou klere te skeur. Dit behels 'n totale omkeer van 'n mens se leefwyse en 'n terugkeer na God toe. God se liefdevolle genade word in 'n pragtige belydenis as motivering van die Here se oproep erken. Hierdie belydenis, wat verskeie kere in die Ou Testament voorkom (Eksodus 34:6; Nehemia 9:17; Psalm 86:15; Jona 4:2), onderstreep die feit dat God rampe in redding kan verander. Saam met die omkeer kom die hoop dat die offerdiens en daarmee saam die verhouding met God herstel sal word.

In vers 13 kom die Here en sê: moenie net uiterlik ongelukkig wees en 'n kabaal opskop nie, wys dit eerder met julle harte. Israel het, deur hulle klere te skeur, hulle koppe vol grond te gooi en op die grond neer te val, gewys dat hulle ontsteld is. Dit was slegs die uiterlike tekens van hartseer en ontsteltenis - amper soos 'n kind wat besig is om 'n woede-aanval te kry. Ons moenie net woede-aanvalle kry nie. Moenie julle klere skeur nie, skeur julle harte.

Die hartsverandering begin by die individuele gelowige: deur persoonlike verootmoediging, erkenning van persoonlike skuld en onvermoë, en

vertrou in die genade en krag van Jesus Christus. Jesus Christus is die enigste Woord van God. Ware hervorming, in die sin van geestelike vernouing, begin met die verootmoediging en lewensveranderende bekering van baie individue en lei tot 'n nuwe saamwees in die Gees. Hoewel dit aanvanklik onsigbaar is, word dit toenemend meer sigbaar. Die eenheid van gelowiges wat volg op ware bekering - ware reformasie - kan en sal nie 'n eenheid ten

koste van die Bybelse waarheid wees nie, maar eenheid gebaseer op die waarheid van Christus (Johannes 14:6; 17:11,17; Efesiërs 2:14).

Ons sien die ramp in die hedendaagse kerk aanrol. Ons weet dat ons gedurig aan God se koms herinner word, ook as ons rampe in die kerk van die Here op aarde sien. Waar ons aan die begin van hierdie nuwe jaar staan moet ons nie net uiterlike tekens van hartseer en ontsteltenis toon nie, ons moet ons harte skeur.

'En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid'.

In memoriam - JM Boon

Die Here het prof Hanno Boon op 13 Desember 2004 tot Hom geneem. Die brute wyse waarop hy vermoor is, laat ons sprakeloos. Ons enigste troos in lewe en sterwe, ook in hierdie sterwe, is dat ons versterk mag wees met die wete dat daar in Jesus Christus lewe tot in ewigheid is. Tog is die gebeure skokkend. So-ook die effek daarvan.

Vir sy vrou, Sietske, en die vier kinders (waarvan een nog ongebore is), asook sy ouers, skoonouers en ander familie bid ons God se ryke en onmisbare troos toe.

Kort, maar vol

Vanuit die geloofswete dat alles genade is, kyk ons met dankbaarheid terug na dit wat God in die lewe van ons geliefde medewerker vir ons geskenk het.

Hanno Boon het in die mediese wêreld 'n onuitwisbare merk gemaak. Sy kortstondige aardse lewe van 34 jaar is van hom weggeneem, maar nie die dienswerk wat hy as arts en professor in die medisyne verrig het nie. Ooreenkomstig die belofte van Psalm 90 mag ons vertrou dat sy handewerk bevestig word, selfs tot in die verre nageslagte.

Nie net in die mediese wêreld was professor Boon uitermate aktief nie. Ook in die kerk het hy as begenadigde ampsdraer sy dienswerk

verrig. Menige medegelowige wat met hom te doen gehad het, sal beaam dat hy uit liefde vir die Here en met sy innemende geaardheid talle menselewe positief beïnvloed het. Selfs nie-christene wat met hom te doen gehad het, kan getuig van sy liefde vir God wat uit sy doen en late gestraal het. As ons dit sê, roem ons nie in die mens nie, maar in die Here wat sulke groot dinge in en deur sy kinders doen.

Denker - skrywer

Die afgelope jare was professor Boon 'n getroue medewerker van Waarheid en Dwaling. Hy het die mediese rubriek op 'n uitnemende manier behartig. Sy artikels was deurgaans kort en maklik volgbaar. Tog het dit getuig van diep insig in God se Woord en die lewe (en sterwe) van die mens. Hy het die genadegawe ontvang om op 'n eenvoudige wyse sake aan die orde te stel wat ingewikkeld en moeilik van aard is. Sy insiggewende opmerkings oor onderwerpe soos God se wet en die anatomie van die mens (W&D Februarie 2004), die christen as verpleegkundige (W&D April 2004), die taal van die genoom (W&D Junie 2004), die anatomie van die siel – 'n nuwe beryming? (W&D Julie 2004) en die besluit van die parlement insake aborsie-wetgewing (W&D September 2004) sal ons altyd bybly. Dit staan geskrywe om

gelees en herlees te word. Die boodskap wat daarvan uitgaan kan nie stilgemaak word nie.

In hierdie uitgawe verskyn sy laaste artikel wat hy kort voor sy sterwe geskryf het, maar nie heeltemal kon afrond nie.

Dankbaar

Met prof Boon se sterwe het daar plotseling 'n yslike leemte ontstaan, nie net in die familie- en vriendekring nie, maar ook in die kerk, kerkverband, universiteit en daar waar hy gewoon het. Nietemin is ons dank aan ons hemelse Vader verskuldig. Ons dank die Here dat Hy hom as kneg in sy diens gebruik het. Hanno Boon was instrument in God se Vaderhand om die gawes en talente wat die Here hom gegee het, gewillig vir die koms van sy koninkryk en met vreugde tot nut en saligheid van sy kerk aan te wend. Die Here het hom geroep sodat hy nou reeds saligheid besit om God daarin te loof en te prys.

GJM

PSIGIATRIE EN GENEESKUNDE

Psigososiale probleme is baie bekend in algemene praktyk. By die meeste siektes, in elk geval chroniese siektes, is daar 'n duidelike psigiese beleving van die siekte deur pasiënte. Dit is ook nie verbasend nie - die mens se liggaam en siel is immers een, en siekte van die een beïnvloed die ander. Ook die behandeling van psigiatriese siektes is vandag, en was ook in die verlede, 'n opdrag van mediese praktisyns.

Daar is dikwels 'n sekere stigma aan psigiatriese siektes verbonde. Dit sou pasiënte wees wat nie meer die pas van elke dag kan volhou nie, mense wat alles swart insien, mense wat deur omstandighede getref word en nie weer op die been kan kom nie, en nog baie erger - mense wie se geloof in Christus nie groot genoeg is nie of deur die duiwel besete sou wees. Al bogenoemde is ten onregte en baie onbarmhartig.

Mense met psigiatriese siektes word soms, en daar is baie voorbeelde in die geskiedenis van die psigiatrie, eenkant geplaas en langtermyn in inrigtings opgeneem. Vroeër jare is swaar psigiatriese pasiënte byvoorbeeld aan kettings vasgemaak.

Gelukkig is daardie dae verby. Die moderne psigiatrie het deur God se genade baie vordering gemaak om psigiese siektes te definieer en agter te kom dat molekulêre en biochemiese wanbalanse in die brein vir baie siektes verantwoordelik is. Gebaseer op hierdie kennis kon middels ontwikkel word om sulke siektes doeltreffend en met effek te behandel. In die afgelope twee dekades is ongelooflike vordering gemaak om siektes soos endogene depressies, verskillende psigososiale angstersteurings en slaapprobleme aan te spreek.

Die dae van langtermyn opnames is daarom gelukkig ook verby. Baie mense word geweldig gehelp deur

nuwe SSRI middels (Selective Serotonin Release Inhibitors – soos byvoorbeeld Prozac, Aropax en andere) teen depressie, psigososiale angstersteurings. Met gebruik van die middels kan pasiënte hul werk in diens van die HERE doen en vir hul gesin sorg - hulle kan weer hul plek in die samelewing inneem. Net soos iemand wat goed gekontroleerd is vir sy hartversaking of epilepsie, kan skisofrenie-pasiënte met die regte medikasie gewoon hul werk doen.

Natuurlik staan geneesmiddel-behandeling nie los van die aanneem van 'n gesonde lewensstyl van nie-rook, oefening, gesond en matig eet en drink nie. Laasgenoemde aspekte van lewensstyl is in baie opsigte verantwoordelik vir die meeste sterftes in westerse lande wat hartvatvernouing en kanker insluit.

Dit is daarom krities belangrik om, net soos wat iemand met suikersiekte insulien benodig om sy suiker op peil te hou, pasiënte met major depressie te behandel om die serotonien-oordrag in die brein te korrigeer. Daarvoor is middels nou beskikbaar wat 'n baie belangrike rol speel in die holistiese benadering van hierdie pasiënt. Daar hoef geen stigma of persepsie aan te kleef nie. Gelukkig word dit steeds minder by pasiënte opgemerk.

In die behandeling van alle siektes, ook psigiatrisies van aard, is dit belangrik om die middels in vertroue op die Here en in dankbaarheid teenoor Hom te gebruik. Ja, om ook die siekte in die regte perspektief te sien. Die Here gebruik dit om ons vertroue op Hom te hou en te versterk, om sy doel met ons lewe in sy diens te bereik in siekte en gesondheid.

Die behandeling van psigiatriese siektes en die navorsing daarvoor is ook 'n opdrag van Christus. Die verlossing wat Christus tot stand

gebring het, sal lei tot 'n nuwe wêreld waarin psigiese lyding ook nie meer sal wees nie - waar al die tranes afgevee sal word. 'n Voorbode daarvan lees ons in die evangelies oor die wondergenesings van Christus. Die bewoënheid van Christus, ook ten aansien van die psigies lydende mens, mag vir Christen-dokters en -verpleegsters 'n motief wees om na te volg in die betoning van barmhartigheid. Dit sluit 'n omvattende behandelingsplan van christelike berading, geneesmiddels, arbeidsterapie, ensovoorts in. Christelike berading behels om op 'n vertroulike manier die node, angste en moeites van die pasiënt aan te hoor, sekere korreksies te maak in denke vanuit die Skrif, deur te wys op die beloftes van die HERE in vertroue en afhanklikheid op Hom. Negatiewe gedagtepatrone kan so omgekeer word om in lyn te kom met wat die HERE vra en beloof. In hierdie proses, wat verskeie kontaktye mag insluit, speel geneesmiddels 'n dikwels onmisbare ondersteunende rol.

Dit is egter nie die werk van professionele mense alleen nie. Ons het almal 'n plig tot barmhartigheidswerk teenoor siekes. In navolging van Christus is bewoënheid oor die lot van jou medemens, ook met 'n psigiese siekte, 'n opdrag. Enige distansiering daarvan of neersien daarop of persepsies oor behandeling wat op eie interpretasie gebaseer is, is daarom onchristelik.

The Purpose Driven Life deur Rick Warren

Eers was dit Bruce Wilkenson en die gebed van Jabes. Nou is dit Rick Warren en sy *The Purpose Driven Life* wat vele Gereformeerdes gaande maak - nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in Nederland. Die boek is so gewild dat dit in Afrikaans en Nederlands vertaal is. Dit is so populêr dat 'n Afrikaanse kopie tans moeilik verkrygbaar is. Daar is alreeds vier en 'n half miljoen eksemplare van *The Purpose Driven Life* verkoop.

Wie is Rick Warren? Hy is 'n Baptis, predikant en stigter van die Saddleback Church in Lake Forest, Kalifornië. Die Saddleback Church is - so staan dit op die agterkant van sy boek - een van Amerika se grootste en mees bekende kerke. *Christianity Today* noem Warren Amerika se mees invloedryke dominee.

Is Rick Warren Skriftuurlik in sy denke? Hoort sy boeke in Gereformeerde huise en kerke? Is *The Purpose Driven Life* 'n geskikte geskenk vir belydeniskatgisante en 'n goeie boek vir Bybelstudiegroepe? Dit is die vrae wat beantwoord sal word deur 'n beoordeling van hierdie boek.

Die oorspronklike (Engelse) weergawe is vir die beoordeling van die boek gebruik. Tydens die ondersoek het die volgende na vore gekom.

Vreemde geselskap

Reeds voordat die boek ooggemaak is, wonder 'n mens al oor die leerstellige suiwerheid daarvan, gesien die godsdienstige groepe wat die boek in die publiek aangeprys en die *40 Days of Purpose* veldtog gehuisves het. Dit sluit die volgende in: Baptiste, United Methodiste, Nasareners, Sewende Dag Adventiste, Presbiteriane, Lutherane, Assemblies of God, Church of God, Vineyard, Calvary Chapel, Christian, Evangelical Free, International Pentecostal Holiness en baie ander. Daarby

het ook leidende figure soos Billy Graham, Franklin Graham, Bruce Wilkinson, Max Lucado en Lee Strobel die boek sterk aanbeveel.

Van die begin af was *The Purpose Driven Life* en die *40 Days of Purpose* ekumenies-gerigte veldtogte. In promosiemateriaal skryf Warren: Ons is almal in dieselfde span. Hy sê verder: Hierdie veldtog gaan oor die Koninkryk van God en sy agenda in die wêreld. Niks verheerlik God meer as dat sy kerke, kleingroepe en volk sy doelwitte vervul nie. Omdat *40 Days of Purpose* oor die Koninkryk van God handel, is dit groter as enige individu, kerk of denominasie. Ons moet saamwerk om God se doel in ons generasie te vervul (Handelinge 13:36).

Warren haal onder andere die volgende persone positief aan om sy eie beginsels te ondersteun:

- CS Lewis - iemand wie se teologie van die inspirasie van die Skrif en selfs sy verlossingsleer nie Skrifmatig is nie
- Broeder Lawrence - 'n Rooms-Katolieke mistikus
- Moeder Teresa - 'n Roomse non
- Billy Graham - 'n evangelis wat hom in die openbaar daartoe verbind het om met Rooms-Katolieke, liberaliste, ensovoorts saam te werk
- Albert Schweitzer - een van die voorste liberaliste van die vorige eeu en bekend vir sy soeke na die historiese Jesus
- Madame Guyon - 'n sewentiende eeuse Roomse mistikus
- Bill Bright - stigter van Campus Crusade for Christ

Deur hierdie mense aan te haal, probeer Warren doelbewus 'n eenheid bewerk wat vir hom belangrik is.

Liefde en eenheid bo (en sonder) leersuiwerheid

In die lig van voorafgaande is dit nie vreemd dat die aandrag tot leersuiwerheid by Warren afwesig is nie.

Hy waarsku gelowiges nooit teen valse leer en skadelike geselskap nie. Intendeel, dogmatiese suiwerheid is vir hom onbelangrik. Hy beklemtoon die belangrikheid van liefde en eenheid bo enigiets wat twis of verdeling kan veroorsaak. Gelowiges moet weier dat enigiets hulle verdeel. Hy vermaan hulle wat krities is oor die geloof, handeling en leer van ander.

Warren glo met ander woorde dat 'liefde' en 'eenheid' oor 'leersuiwerheid' in die kerk moet heers.

In die verband kan die volgende voorbeelde uit sy boek (p 268) genoem word:

'God waarsku ons oor en oor om nie te kritiseer, te vergelyk of ander te oordeel nie (Romeine 14:13; Jakobus 4:11; Efesiërs 4:29; Matteus 5:9; Jakobus 5:9). As jy bekritiseer wat 'n ander gelowige in die geloof en uit opregte oortuiging doen, meng jy in met God se besigheid. "Watter reg het jy om iemand anders se diensknegte te oordeel? Net God kan besluit of hulle reg doen" (Romeine 14:4 CEV)'. En: 'Diensknegte dink aan hulle werk, nie aan wat ander doen nie. Hulle vergelyk, kritiseer of kompeteer nie met ander nie. Kompetisie tussen God se diensknegte is onlogies om verskillende redes: Ons is in dieselfde span. Ons het nie verskillende opdragte ontvang nie'.

In 'n onderhoud met *USA Today* het Warren verklaar dat hy nie betrokke gaan raak in 'n debat oor sake wat nie wesenlik is nie. Hy wil nie probeer om ander denominasies te verander nie. Waarom verdelend wees?

‘n Veldtog van veertig dae

Warren deel sy boek in veertig hoofstukke op. Die leser is veronderstel om ‘n hoofstuk per dag te bestudeer.

Die skrywer grond die veertig-dae-indeling van sy boek op die gebruik van die getal veertig in die Bybel (p 10-11). Hy sê dat die Bybel duidelik is dat God veertig dae as ‘n geestelik betekenisvolle periode beskou. Wanneer God iemand vir sy doelwitte wil voorberei, beweer Warren, gebruik Hy veertig dae. Hy noem dan onder andere die volgende voorbeelde:

- Noag se lewe is getransformeer deur 40 dae reën
- Moses is getransformeer deur 40 dae op die berg Sinaï
- Christus is toegerus deur die 40 dae in die woestyn
- Die spioene is getransformeer deur die 40 dae in die beloofde land

Wat Warren sê is eenvoudig onwaar:

- Die vloed was God se oordeel oor die wêreld. Dit was nie om Noag vir God se doelwitte voor te berei nie.
- Moses was op die berg om die wet te ontvang. Die 40 dae was nie bedoel om sy lewe te verander nie.
- Die Bybel leer ons nie dat Jesus 40 dae in die woestyn was met die doel om toegerus te word nie. Inteendeel, Matteus 4:1 sê uitdruklik: ‘Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om [met die doel om] versoek te word deur die duivel.’
- Waar lees Warren in die geskiedenis van Numeri 13 dat die 40 dae in die beloofde land vir die verspieters ‘n tyd van transformasie was? Die Bybel sê dat tien van die verspieters ná 40 dae ‘n ongeloofsrapport oor Kanaän ingedien het. In die verdere verloop van hierdie geskiedenis laat die Woord ons ook sien dat 40 die getal van God se oordeel kan wees: ‘Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word’ (Numeri 14:34).

Reeds op die eerste bladsye van sy boek leer ons Warren ken en sien ons in watter rigting sy boek gaan. Hier is nie ‘n betroubare eksegeet aan die woord nie, maar iemand wat die Skrif inspan - verdraai - om by sy doel te pas. ‘n Mens sien helaas meermale in die boek dat Warren Skrifgedeeltes verdraai, buite verband en half aanhaal.

In verband met sy 40-dae-boek maak hy nog dié stelling: Die volgende 40 dae sal jōu lewe transformeer. Dit is aanmatigend en on-Bybels. Wie is jy as mens om te besluit of jou boodskap ‘n mens gaan verander of nie? Dit is in die hande van die soewereine God om dit te doen. 1 Korintiërs 3:6 leer ons iets anders as wat Warren verkondig: ‘Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei’. Boonop leer die Woord ons dat vele die Woord in ongeloof verwerp.

Mý verbond of Gód se verbond?

Voordat Warren met sy 40 hoofstukke begin, kry die leser eers ‘n onderneming, ‘n kontrak, wat die leser en sy maat moet onderteken (p 13). Warren noem dit *My Covenant*, die verbond van die ondertekenaars met God. Daarin word die volgende deur die ondertekenaars onderneem: ‘With God’s help, I commit the next 40 days of my life to discovering God’s purpose for my life’.

Op bladsy 84 verduidelik Warren self waar hy aan *my covenant* kom en wat hy daarmee bedoel. Hy vertel van ‘n gesprek wat hy met Bill Bright gehad het. Bill Bright is die stigter van Campus Crusade for Christ en - soos hy hom noem - een van die groot Christen-leiers van die twintigste eeu. Op ‘n keer het Warren hom gevra hoekom God hom in sy lewe so gebruik en geseën het. Daarop het Bright geantwoord: ‘Toe ek ‘n jongman was, het ek ‘n kontrak met God gesluit. Ek het dit letterlik uitgeskryf en my naam onderaan geteken. Die kontrak lui: Van hierdie dag af is ek ‘n slaaf van Jesus Christus’. Dan vra Warren aan sy lesers: Het jy al ooit so ‘n kontrak met God geteken? Of is jy nog steeds besig om met God te stry oor sy reg om met jou lewe te doen soos Hy wil? Nou is die

tyd om jou lewe aan God oor te gee - aan sy genade, liefde en wysheid.

Hoe is dit moontlik dat Gereformeerdes hulle aangespreek kan voel deur so ‘n boek en deur sulke gedagtes? Daar bestaan nie so iets soos mý verbond met God nie. Die Woord weet net van Gód se verbond met die mens. Die Bybel ken ook nie so iets dat die mens van sy kant ‘n verbond met God as ‘n gelykwaardige party sluit nie. Inteendeel, God se verbond is eensydig in sy ontstaan. Sonder dat ons daarvoor gevra het, van alle ewigheid af, dus voor ons geboorte, het God sonder ons, oor ons besluit. By ons doop het Hy ons sy verbond opgelê en ons vermaan en verplig tot geloof en ‘n nuwe gehoorsaamheid. Hy het na ons toe gekom nog voordat ons na Hom toe kon kom. By die doopvont het Hy ons ‘n plig opgelê en nie gewag op ons *commitment* of ‘n kontrak van die mens nie.

Hoe is dit moontlik dat Gereformeerdes, wat met aflegging van geloofsbelydenis ja geantwoord het op God se verbond by die doop, ja gesê het voor die heilige aangesig van God, nog ‘n kontrak (*my covenant*) met God wil sluit en allerhande ondernemings aan Hom wil gee? Moet ons *commitment* en ons handtekening ons nou dring tot ‘n doelgerigte lewe? Of moet die erns van God se verbond, deur Hom opgelê in die uur van ons doop en ons aflegging van geloofsbelydenis ons verplig tot ‘n nuwe gehoorsaamheid?

Dit is bedenklik dat Warren hom alreeds by die begin en uitgangspunt van sy boek aansluit by iemand wat ‘n Arminiaan is - ‘n aanhanger van die leer van die vrye wil.

Die doel van ons lewe

Die titel van die boek sê waaroor dit vir Warren gaan: die doel van ons lewe.

In die eerste hoofstuk sê die skrywer heeltemal tereg: Om die doel van ons lewe te ontdek, moet ons na die Woord toe gaan. In dié verband haal hy Efesiërs 1:11-12 aan.

Efesiërs 1:11-12 is vir Warren beslis ‘n belangrike teksgedeelte. Daarom wil ek nou twee dinge doen:

Eerstens wil ek u laat sien waaroor dit

eintlik in Efesiërs 1 gaan. Tweedens sal ek u - teen laasgenoemde agtergrond - laat sien hoe Warren in sy verklaring van Efesiërs 1 die doel daarvan, naamlik die verheerliking van God se werke in Christus, mis. Trouens, sy hele boek skiet by hierdie Bybelse doel verby.

Lofprysing van God se daade

Efesiërs 1:3-14 is een groot lofsang op die daade van die Drie-enige God, die Vader (vers 3), die Seun (verse 3, 5 en volgende) en die Heilige Gees (vers 13). Dit is 'n jubelsang op God Drie-enig se genadige daade van uitverkiesing. Dit het sonder ons toedoen, sonder ons daade gebeur.

Vers 11 vestig ons aandag op die verlossingsdaade van Christus. In Christus het ons ook 'n erfdeel van God geword. Die uitdrukking 'in Christus' is die trefwoorde van die hele gedeelte. Alleen in sy bloed is ons tot erfdeel van God gemaak - nie deur eie toedoen of verdienste nie. Dié gedagte dat iets wat sonder ons verdienste gebeur, kom nog sterker na vore as die woorde "n erfdeel geword het" in die lig van tekste soos Numeri 26:55-56; 33:54; 34:13 en 36:2-3 vertaal word met: Die lot het op ons geval. Erfdeel is dus 'n woord wat sy wortels in die Ou Testament het. Ons hoor dit ook onder andere in Deuteronomium 4:20 - 'Maar die HERE het julle geneem en julle uit die ystersmeltoond, uit Egipte, uitgelei om sy erfvolk te wees soos dit vandag is' en Psalm 33:12 - 'Welgeluksalig is die nasie wie se God die HERE is, die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het'. Vanuit hierdie tekste val daar verdere lig op die woord erfdeel in Efesiërs 1:11. Dit is opvallend dat ook in hierdie twee Ou Testamentiese tekste die woord erfdeel of erfvolk in die raamwerk van God se genadige, onverdiende uitverkiesing staan: Psalm 33 - uitgekies; Deuteronomium 4:20 (vgl hierby Deuteronomium 7:7 en 9:4,6). God se daade word belig.

In die beryming van Psalm 33 word die 'verkiesing en lot' pragtig saamgevat:

'Salig wie tevore
deur Hom is verkore
as sy erf en lot' (Psalm 33:6)

God se wonderdade, en dit alleen,
staan in die middelpunt.

In Efesiërs 1:3-14 staan drie maal (verse 6, 12, 14) die frase 'tot lof van sy heerlikheid'. Telkens gaan dit daaroor dat God se heerlikheid in sy daade geprys word. Hier het ons dus die doel van God se werke: die lof van sy heerlikheid, die prys van sy daade.

Die Verkiesingsjubel (Skrifberyming 24:3) verwoord die diepste bedoeling van hierdie woorde:

'Tot roem en prys van Gods genade,
die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdaade
in Hom wat die Geliefde is.'

Rick Warren: die mens se daade in die middelpunt

Dit is duidelik wat die doel van Efesiërs 1 is - dat God oor sy daade in Christus verheerlik sal word.

Is dit ook Warren se doelwitte in sy boek?

In hoofstuk 7 stel Warren inderdaad die vraag: Hoe kan ek God verheerlik? Daarop antwoord hy dat daar baie maniere is om God te verheerlik. Dit kan opgesom word in God se vyf doelwitte met jou lewe. Warren noem dan die vyf doelwitte en beskryf wat hy met elkeen bedoel. Bekyk ons hierdie vyf doelwitte noukeurig, dan sien ons dat die werk van Christus - dat Hy sy bloed vir ons gestort het, en God se genadige daade van uitverkiesing in Hom - nêrens in die vyf punte ter sprake kom nie. Dit is net ons, ons, ons. Dit is net die mens se daade, wat die mens moet doen en nie wat Christus gedoen het nie.

Dit is sekerlik nie so dat Warren die Heilige Gees en Christus heeltemal weglaat nie. Hy gebruik ook uitdrukkings soos 'met die hulp van God'. Tog is sy tekening van die werk van die Heilige Gees en die werk van Christus nie dié van die Bybel nie. Dit sal in die vervolg aangetoon word.

Nog 'n voorbeeld van Skrifverdraaiing

Efesiërs 1:11-12 is nog 'n voorbeeld van hoe Warren Skrifgedeeltes misbruik en verdraai. Hy kies ook juis daardie vertalings, wat by sy doel pas.

In die geval van Efesiërs 1 gaan Warren uit van die Message (MSG) se parafrase van hierdie vers: 'It's in Christ that we find out who we are and what we are

living for. Long before we first heard of Christ and got our hopes up, he had his eye on us, had designs on us for glorious living, part of the overall purpose he is working out in everything and everyone'.

In die grondteks staan egter: 'In Hom (AHB = in Christus) in Wie (AHB = in en deur sy bloed) ons ook 'n erfdeel (AHB = van God) geword het, nadat ons tevore daartoe verordineer (AHB = bestem) is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alle dinge werk volgens die raad van sy wil, sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het'.

Die *what we are living for* staan nie in die oorspronklike nie, maar dit pas wel Warren se doel. Dat God oogmerke met ons het vir *glorious living* is heeltemal iets anders as wat eintlik daar staan: sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid.

Die probleem met die MSG - en dit slaan ook in Warren se hele boek deur - is duidelik. In hierdie parafrase is dit nie meer duidelik dat God se daade in Efesiërs 1 in die middelpunt staan nie. Dit gaan oor ons daade - *what we are living for* en ons *glorious living* - en nie oor God se daade in Christus en sy genadige uitverkiesingsdaade in Hom, wat geloof word in ons onverdiende verlossing nie. Dit is ook te sien in die feit dat die MSG die veelseggende woord 'erfdeel' - God se verkiesende genade in Christus alleen - weglaat.

God wag vir die mens om eerste te handel

Deuteronomium is die invalspoort tot die verstaan van die Ou Testament. Romeine is die invalspoort tot die verstaan van die Nuwe Testament. Hoofstuk 22 van *The Purpose Driven Life* kan die invalspoort tot die teologie van Warren genoem word. Wie sy teologie wil verstaan en wil sien in sy Arminiaanse karakter, moet hierdie hoofstuk lees.

Hy skryf: God wag vir jou om eerste te handel. Ons moet saamwerk met die Heilige Gees se werk. Dwarsdeur die Bybel sien ons oor en oor hierdie belangrike waarheid geïllustreer: Die Heilige Gees laat sy kragte los dié oomblik as jy 'n geloofstap doen. As Josua met die onoorkombare hindernis van die vloedwaters van die Jordaan

gekonfronteer word, bly die waters staan slegs nádat die leiers die stroom in gehoorsaamheid en geloof ingestap het.

Net voor laasgenoemde paragraaf sê hy: Ons laat Christus toe om déur ons te leef. Dit is nie die taal van Efesiërs 1 nie. Dit is die taal van Arminius. God moet wag vir ons; ons laat Christus toe. Dit beteken dat die méns oor sy lot of erfdeel beskik.

Aan Christus gelykvormig

Die derde doel van ons lewe is volgens Warren om meer en meer soos Jesus te word, dit wil sê *heiligmaking* (Warren se kursivering).

Dit is nie iets wat ons self kan doen nie, sê hy. Slegs die Heilige Gees het die krag om daardie veranderings in ons lewe te bring.

Christus-gelykvormigheid, stel hy, word nie deur nabootsing (*imitation*) bewerk nie, maar deur inwoning (*inhabitation*). Ons laat Christus toe om deur ons te leef. Hoe gebeur dit in die werklike lewe? Deur die keuses wat ons maak. Ons kies - weer is dit die mens - om die regte ding in situasies te doen en vertrou dan God se Gees om ons die krag, liefde, geloof en wysheid te gee om dit te doen. Omdat die Gees van God in ons woon, is hierdie dinge altyd vir ons op aanvraag beskikbaar.

Vir sommiges mag dit miskien baie mooi klink, maar die fout wat gemaak word, is dit: 'n mens soek by Warren tevergeefs na Christus se heilswerk aan die kruis (die afsterf van die ou mens) en in sy opstanding (die opstaan van die nuwe mens) – dinge wat die hart van die heiligmaking vorm en die diepste geheim en bron is van 'n lewe van navolging van Christus. Ons belydenis maak nooit ons heiligmaking los van die kruis nie. Hoor maar wat ons Heidelbergse Kategismus (Sondag 16, vraag en antwoord 43) van die nut van Christus se kruisdood sê: 'Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. *Gevolgluk* (kursivering van my – AHB; gevolgluk, dit wil sê deur en danksy die kruis) kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy'. Dieselfde sien ons in antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus, waar ons geleer word dat

Christus ons daarom - dit wil sê deur sy kruis en bewaring - deur sy Heilige Gees van harte gewillig en bereid maak om voortaan vir Hom te lewe. Christus werk in ons deur sy Gees. Die Heilige Gees kom tot ons met die héle Christus.

Warren maak Gees en Woord, die Woord wat die kruis en opstanding verkondig, van mekaar los. Daarenteen wortel ons belydenis ons heiligmaking diep in die verlossingswerk van Christus. Ons heiligmaking kan nooit van kruis en opstanding losgemaak word nie. Ons kan ons dankbaarheid nooit diep genoeg in die verlossingswerk van Christus intrek nie.

Warren se leer van heiligmaking is brandarm. Dit is 'n heiligmaking sonder die gekruisigde en opgestane Christus. Christus is net 'n voorbeeld. Dit is nie die heiligmakingsleer van die Bybel nie.

Verbond en doop

As sy tweede doel waarvoor ons hier op aarde is, noem Warren dat ons geskape is vir God se familie. Onder hierdie hoof kom sy verbonds- en doopbeskouing ter sprake.

Die feit dat Warren 'n Baptis is, moet ons reeds waarsku. Ons kry hier nie 'n Gereformeerde verbonds- en doopbeskouing nie. Dit spreek vanself dat Warren uitgaan van die grootdoo.

Warren praat nie van verbondsvolk nie, maar van familie. Die voorwaarde om deel te word van hierdie familie, is geloof in Jesus. Dit gaan dwars teen die Gereformeerde belydenis in, wat leer dat jong kinders net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (HK Sondag 27 vraag en antwoord 24).

Nog 'n voorbeeld van Skrifverdraaiing

Nog verskeie voorbeelde van Warren se Skrifverdraaiing kan genoem word, maar ek volstaan met die volgende:

Bo-aan hoofstuk 7, *The Reason for everything*, word Spreuke 16:4 aangehaal. Meer korrek: Dit word half aangehaal. Net die gedeelte wat by sy boek se doelwitte pas, word aangehaal: 'The LORD has made everything for his own purposes' (NLT). Die volle teks lui egter: 'Alles het die HERE gemaak vir sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil'.

Die doel van Efesiërs 1 gemis

In die lig van wat gesê is, kan ek die boek van Warren nie aanbeveel nie. Inteendeel, Gereformeerdes moet ernstig hierteen gewaarsku word. Ons ontmoet hier nie Calvyn nie, maar wel Arminius. Warren se *Purpose Driven Life* is nie *Christ driven* nie. Daar is geen heil in hierdie boek nie, want alleen die volle Christus is ons heil en ons heiligmaking. Die gees van Warren is nie die Gees van Christus nie, want die Gees van Christus bring die gekruisigde en opgestane Christus. Die Gees van Christus verheerlik Christus en dit gebeur nie in *The Purpose Driven Life* nie.

Die doel van Efesiërs 1 - om God se dade in Christus te prys - word in *The Purpose Driven Life* gemis.

Die outeur beloof 'n 40-dae geestelike reis. Wat u kry, is 'n 40-dae rondswerf in 'n woestyn van mensgerigte dwaalleer.

KERKEKONFERENSIE (GKSA) OP SATERDAG 5 MAART 2005

Oproep tot bywoning van 'n kerke konferensie oor die verdeeldheid in die kerke as gevolg van 'n nuwe Skrifbeskouing in stryd met NGB, art 7

Toesprake: Afwykende Skrifbeskouings, Onskriftuurlike Liturgiese 'aanpassings', Kerkordelike geskilpunte

Referente: Dr Victor d'Assonville, Ds Hennie Momberg, Ds Gerard Meijer
GK Pretoria - Registrasie 08:00.

VERMELD ASSEBLIEF:

Voorneme vir bywoning aan die kerkkantoor van GK Pretoria 012 326 2290

Die slaankrag van die vloedgolf

Die woord tsoenami was vir die man op straat 'n onbekende woord. Tot 26 Desember 2004, toe die waters van die vernietigende tsoenami ná 'n reuse aardbewing in die Indiese Oseaan die kus van Suidoos-Asië getref het. Die gevolge van die watervloed is onbeskryflik. Geen ink en papier is genoeg om die verhale van leed te beskryf nie. Die slag van die tsoenami-vloedgolf was bomenslik groot. Nie net die geweld van die aardbewing nie, maar ook die stukrag waarmee die seewater gekom en groot dele land weggespoel het, gaan 'n mens se verstand ver te bowe.

Soos te wagte, het beskrywing van en kommentaar op dié ingrypende gebeure nie uitgebly nie. Een van die vrae wat bykans eerste gevra is, is: wat het God daarmee te doen? En omgekeerd: wat het dit met God te doen?

In die rubriek Godsdien-aktueel van *Beeld*, 10 Januarie 2005, skryf prof Sakkie Spangenberg:

Ná die tsoenami-ramp het 'n mens nogal begrip vir die skrywer van die boek Openbaring. Sy droom vir die toekoms was 'n aarde sonder 'n see. Hy skryf in hoofstuk 21 die volgende: "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie". Ek kan onthou dat 'n vrou jare gelede in 'Huisgenoot' Murray Janson hierna uitgevra het. Sy het geskryf dat sy besonder lief is vir die see en daarom die gedagte dat daar eendag nie 'n see sal wees nie, pynlik vind.

Ek kan nie meer sy antwoord onthou nie, maar as ek vandag daardie vrou moes antwoord, sou ek haar wou vertel van antieke mense se beeld van die kosmos. Volgens hulle het dit uit drie "verdiepings" bestaan: die hemel; die aarde; die ruimte onder die aarde. Die aarde was 'n plat skyf wat op pilare of berge gerus het. Die see was deel van die chaoswater wat die

ruimte onder die aarde gevul het en daarin het die chaosmonster gewoon. Hierdie chaoswater kon groot skade aanrig. Dit kon skepe laat sink en soms die land oorspoel en rampe veroorsaak. Die skrywer van die boek Openbaring het die hoop gekoester dat die onderste verdieping met die chaoswater, die doderyk en die chaosmonster sal verdwyn. Die twee boonste verdiepings (hemel en aarde) sal dan verweef wees, want die nuwe Jerusalem sal klaar gebou uit die hemel neergelaat word en God sal by die mense kom woon.

Ons beeld van die kosmos verskil radikaal van hierdie skrywer s'n. Ons glo nie meer dat die kosmos uit drie verdiepings bestaan nie. Ons weet dat die aarde rond en baie oud is en dat die kontinente vroeër anders gelyk het. Ons dra kennis van tektoniese plate en weet van die verskuiwing van kontinente en eilande. Ons weet dat die aarde een van nege planete is wat om die son wentel. Voorts weet ons dat ons sonnestelsel een van vele sonnestelsels is wat deel vorm van die melkweg. Die kosmologiese en geologiese kennis waaroor ons beskik en wat ons help om lewe op aarde te verstaan, het mense nie sonder stryd en pyn bekom nie. Dink maar aan die prys wat Galileo Galilei (1564-1642) moes betaal vir die wete dat die aarde om die son draai. Die ontdekking van die ander kontinente wat ook in die 15de en 16de eeu plaasgevind het, het dikwels met lewensverlies gepaard gegaan. Die ontdekkingsreisigers het deurgedruk en mense se kennis verbreed. Maar dit was geoloë in later jare wat die berge en rotse bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom het dat die aarde miljoene jare oud is. Weinig mense onderskryf vandag die siening van die Ierse biskop James Ussher (1581-1656). Hy het op grond van die geslagsregisters in die Bybel bereken dat die aarde 4004 v.C. geskep is.

Prof Spangenberg maak in sy artikel

oor die tsoenami ingrypende uitsprake oor die inhoud, inspirasie en hantering van die Skrif.

- Die Godgegewe inhoud van die openbaring (vergelyk Openbaring 1:1 – 'die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur') word gereduseer tot 'n begeerte van die mens Johannes (sy droom vir die toekoms ...).
- Met stelligheid word vasgestel dat die skrywer van Openbaring 'n bepaalde wêreldbeeld gehad het, en wát daardie wêreldbeeld ingehou het. Vanuit 2005 word bepaal wat Johannes van die kosmos geweet het, selfs ongeag die feit dat hy deur die Gees van God geïnspireer is om die openbaring van Jesus Christus neer te skryf.
- Die tragiese gebeure rondom Galileo Galilei en menige ontdekkingsreisiger, wat kenmerkend was van die optrede van 'n dwalende Roomse kerkgemeenskap gedurende die donker Middeleeue, word deurgetrek na 2005 – asof Galileo Galilei met sy ontdekking oor die sonnestelsel ook vandag as ketter verklaar sou word omdat hy 'n bepaalde ontdekking in God se skepping gemaak het.
- Die denke van die Ierse biskop James Ussher word sonder enige argumentasie as 'n siening afgemaak wat vandag nog deur weinig mense onderskryf word. Intussen word aanvaar dat die aarde miljoene jare oud is.

Uit prof Spangenberg se artikel blyk dat die slag van die geestelike vloedgolf veel erger is as die slag van die tsoenami op 26 Desember. Talle goedgelowige mense word meegesleur in dié vernietigende maalstroom van denke. Op 'n Skrifkritiese wyse word bepaal wat

Bybelskrywers gedink, bedoel en ervaar het. Dienooreenkomstig word die Skrif as 'n outydse boek met outydse gedagtes afgemaak. By dit alles word die mens se hedendaagse kennis van die kosmos verhef bo dit wat die Here in sy Woord oor die kosmos bekend maak. Wetenskap word losgemaak van die Skrif. Dit is die teelaarde waarin die ewolusieteorie met al sy vertakkinge en konsekwensies welig blom.

Slotsom: wees bedag op die Spangenberg-tsoenami.

Voetnota. Dr H van de Kamp lewer in sy boek *Openbaring: Profetie vanaf Patmos* die volgende insiggewende kommentaar op Openbaring 21:1

(verkort weergegee):

Van die uitspraak 'die see was daar nie meer nie' word verskillende eksegeses verdedig:

- a. *Die see is die derde bestanddeel van die skepping naas die hemel en die aarde (Genesis 1:7, 10). Die watermassas van seë en oseane (Van de Kamp).*
- b. *Die see is die volkere-see of die wêreld-see (Zahn).*
- c. *Die see is die vloer voor God se troon (Openbaring 4:6). Die afstand tussen God en sy verlore kinders wat deur die vloer as 'n see-spieël in God se troonsaal voorgestel word, word opgehef.*

- d. *Die see is die plek van bedreiging (Openbaring 13:1), waar allerlei bose magte skuil. In Openbaring 20:13 dui dit op bewaarplek vir die dooies. Die hele Openbaring 12 tot 13 word beheers deur die kader hemel, see en aarde. Ná die suiwering van die hemel en die aarde verdwyn ook die see as oord van bedreiging deur bose magte. Die doderyk word opgeruim.*

Die 'nie-meer' uitsprake oor die nuwe wêreld en die nuwe Jerusalem (vergelyk Openbaring 21:4, 22, 23, 25) vorm 'n teenhanger van die 'nie-meer' uitsprake oor die nuwe Babilon (Openbaring 18:21-23).

Die suigkrag van die vloedgolf

Dit is nie moontlik om vas te stel wat erger was nie: die slag waarmee die tsoenami die vasteland getref en derduisende menselewens geëis het, of die suigkrag waarmee die tsoenami teruggetrek en derduisende mense in die see ingesuij het nie. Net so is dit onmoontlik om vas te stel watter dwaling erger en meer vernietigend is: die Skrifkritiek waaraan menige teoloog hom/haar skuldig maak, of die skeefgetrokke belydenis insake God en sy daade.

Professor Spangenberg sit sy verhaal in die reeds genoemde *Beeld*-artikel soos volg voort:

Dis egter nie net ons beeld van die kosmos wat verander het nie. Ons beeld van God is ook besig om te verander. Dis onafwendbaar. Vele gelowiges vind dit 'n ontstellende gedagte en ontken dit gewoonlik heftig. Maar wanneer hulle besef dat die antieke mense se beeld van die kosmos en hulle godsbeeld verweef is, breek daar soms lig deur.

*Neem weer die skrywer van die boek *Openbaring* as voorbeeld. Sy godsbeeld sluit ten nouste aan by sy beeld van die kosmos en die metafore wat hy gebruik, verrai dit. God woon*

volgens sy voorstelling in die boonste verdieping (die hemel) en daar sit Hy op 'n troon en heers soos 'n koning. Hy teken God soos 'n mens. Beter gestel, hy gebruik beelde uit die wêreld van mense om God te teken. Daarom vertel hy dan ook dat God mense se trane sal afdroog (Op. 21:4).

Onlangs het iemand die ou geykte uitdrukking gebruik om na die tsoenami-ramp te verwys. Hy het dit " 'n daad van God" genoem. Harold Kushner (een van die mense wat ons help om nuut oor God te dink) skryf in sy boek 'When bad things happen to good people' hierdie aangrypende woorde: "The flood that devastates a town is not an 'act of God', even if the insurance companies find it useful to call it that. But the efforts people make to save lives, risking their own lives for a person who might be a total stranger to them, and the determination to rebuild their community after the flood waters have receded, do qualify as acts of God".

In reaksie op Spangenberg se artikel het daar 'n stortvloed briewe ingekom. Dr Chris Landman skryf in *Beeld* van 12 Januarie 2005:

Die tsoenami-tragedie kan 'n daad van God wees (maar nie noodwendig

nie!); net soos die vernietiging van Sodom en Gomorra as daad van God beleef is. Of aardse rampe binne die Christelike konteks daad van God is, kan eintlik net binne die konteks van die Bybel as bron vir die Christelike geloof beantwoord word. Dit is 'n saak van geloof!

In die Bybel word ons geleer dat die aarde aanvanklik (dus, voor die sondeval) goed en gaaf geskape was. Die sondeval het nie net 'n vloek oor die mens gebring nie, maar ook die aarde swaar getref. Dit bring mee dat die aarde, vanweë die wetmatigheid van die natuur, onderworpe is aan werkende en botsende kragte wat op storms en rampe kan uitloop. In dieselfde Bybel word ons geleer dat God soewerein is en die skepping onderhou. As God soewerein is, dan lê dit binne sy vrymag om in die natuur in te gryp. God kan ook as Hy wou tsoenami's laat ontstaan om uitdrukking aan sy oordeel te gee. God kan ook tsoenami's afweer. As God dit nie kan doen nie, is Hy nie die Almagtige God wat ten volle beheer kan uitoefen oor die skepping nie.

Om God net in verband te bring met "efforts to save lives" is om God se almag tot daad van medemenslikheid

te verskraal. *Of God by tsoenami's betrokke is, al dan nie, het ook niks met ons wêreldbeeld te make nie. Ons glo byvoorbeeld nie vandag dat die wêreld rond is, soos Spangenberg skryf nie, ons weet dit uit ons natuurwetenskaplike kennis van die aarde.*

As ons Spangenberg moet glo, is die gebede by biddae om reën vergeefs. Nee, God is soewerein en die skepping ondergeskik aan sy almag. Of die tsoenami-tragedie spesifiek 'n direkte ingreep van God is, is onbekend en ook nie belangrik om te weet nie.

Wat bekend is, en wat die tsoenami-gebeure opnuut onderstreep, is dat die mens magteloos staan teenoor bomenslike kragte wat die mens verkeerdelik in sy humanistiese selfgenoegsaamheid geglo het hy as mens met natuurwetenskaplike kennis, vindingrykheid en tegnologiese ingrepe kan beheer.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

Met heelparty van dr Landman se opmerkings kan 'n mens hartgrondig saamstem. Wie nie in geloof en met diepe respek na God kyk en na sy Woord luister nie, sal altyd in die duister tas oor God se daede in die skepping.

Aansluitend by, en plek-plek korrigerend op dr Landman se reaksie, die volgende:

- Ons glo en bely dat ons God deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld leer ken. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien (NGB Artikel 2). In ooreenstemming met hierdie belydenis kan en mag ons nie anders nie as om te erken dat die tsoenami 'n daad van God is.
- God se daede in die skepping is tekenend van sy volkome regverdigheid en barmhartigheid (HK Sondag 10). In regverdigheid voltrek hy sy tydelike oordele oor die in sonde gevalle mens (HK Sondag 4). In sy barmhartigheid is die dood van sy uitverkore kinders – ook sy kinders wat in die tsoenami omgekome het – geen betaling vir sonde nie, maar 'n afsterwe van die

sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe (HK Sondag 16).

- God se magtige daede in die skepping onderstreep die noodsaak van kinderlike vertrouwe en afhanklikheid. God is nie aan die mens verantwoordig verskuldig oor hoekom en die wyse waarop hy sy skepping bestuur nie. Dit betaam die mens om te leef by die Skrifwoord: 'Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet' (Deuteronomium 29:29).
 - Dit is duidelik dat God se magtige daede in die skepping soos voetstappe is waarmee Hy die wederkoms van sy Seun na die aarde hard en duidelik aankondig. Gelowiges wat die voetstappe hoor, word vermaan om waaksaam en gereed te wees, 'want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie' (Matteus 24:44).
 - Die natuurrampe wat ons vandag ervaar, is 'n skaduwee van wat ons met die wederkoms te wagte kan wees. Nou reeds is daar aardbewings en vloedgolwe.
- Op die dag van oordeel sal die hele skepping in ontsag voor die almagtige God wegwyk (Openbaring 6:12-17).

Van die administrasie

Die bestuur van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel bedank al die intekenare vir hulle ondersteuning in die afgelope jaar.

'n Rekening vir die komende jaar is saam met hierdie uitgawe aan u gestuur. Intekengelde vir 2005 is R120.00.

Meld asseblief 'n duidelike verwysing, indien u 'n bankoorplasing doen. Bankbesonderhede is in die kolofon hiernaas aangedui. Asseblief geen posorders nie. Ignoreer die rekening indien u reeds vir 2005 betaal het.

Baie dankie vir u samewerking.

Mev Hanneke Das